2019

Verander van Binne na Buite



Dr. Jean Strydom

NG. Nelspruit-Suid

Inhoudsopgawe

1. Studie 1: Die appel val nie ver van die boom af nie p. 2
2. Studie 2: Wat is jy besig om te word? P. 5
3. Studie 3: Die krag om te verander p. 8
4. Studie 4: Kruipende skoenlappers p. 10

Studie 1: Die appel val nie ver van die boom af nie

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

Die appel val nie ver van die boom af nie. Dit is natuurlik ‘n baie bekende spreekwoord in ons volksmond. In kort beteken dit dat jy byvoorbeeld baie na jou pa of ma lyk in voorkoms of dat jy self hulle geaardheid het. Dit is altyd lekker vir ‘n ouer as een van sy kinders na hom of haar trek. Soms word daar baie daarmee gespot.

- *Vertel vir mekaar so ‘n bietjie van jou eie verlede en tot watter mate hierdie spreekwoord op jou van toepassing is?*

As gelowige is hierdie spreekwoord ook op jou van toepassing want God se aanvanklike bedoeling met die mens was soos dit in Gen 1:26-27 staan dat ons Sy verteenwoordigers en beeld sal wees. In die hele skepping is slegs mense na God se beeld geskep. Tog as jy na ander rondom jou kyk sien jy dat ons nie presies dieselfde lyk nie, ons voorkoms verskil van mekaar.

- *Wat dink jy word daarmee bedoel dat ons na God se beeld geskape is?*

Ons kan natuurlik nie presies soos God lyk nie, want die Woord sê "God is gees" (Joh. 4:24). Ons moet dus in ons geaardheid en optrede God verteenwoordig, soos Hy wees.

- *Dink na oor jou geaardheid en optrede. Hoe vergelyk dit met God sin?*
- *Lees die volgende gedeeltes en gesels daaroor: 2 Kor. 4:4; Kol. 1:15; Heb. 1:3*
- *Watter troos en hoop is daar in bogenoemde verse om jou te help om God se beeld op aarde te vertoon?*
- *Wat kom in jou gedagtes op as jy Ef. 4:16, 24 lees?*

Natuurlik weet ons vanuit die verhaal van Adam en Eva in Genesis 3:5 dat die mens wat uit sy eie probeer het om soos God te wees en daardeur die leuen van Satan geglo het, liederlik gefaal het.

- *Hoe probeer ons vandag met eie krag die lewe leef van Ef. 4:24?*
- *Gesels oor die volgende stelling: God wil nie dat jy God wees nie, maar slegs soos Hy sal wees.*
- *In watter opsig kan ek dan soos God wees? (i.t.v my waardes, houding en karakter)*

Onthou jy kan nie 'n Jesus-karakter op jou eie ontwikkel nie. Hierdie geestelike groei wat in jou plaasvind gebeur ook nie oornag nie, dit neem tyd. Die Heilige Gees is aan jou gegee om jou te help in die ontwikkeling van jou Goddelike karaktereienskappe. Volgens wat Paulus in Fil. 2:13 skryf is dit God wat ons gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

- *In Ef. 4:22-24 verduidelik Paulus die drie verantwoordelikhede wat ons het om soos Christus te word. Kyk of jy dit kan raaksien uit die gedeelte. Gesels ook oor die gedeelte.*
- *Wat dink jy gebruik die Here om ons te vorm na Sy beeld?*
- *Het jy al 'n doelbewuste besluit geneem om soos Jesus te wees?*
- *Is daar veranderings wat in jou lewe plaasgevind het vandat jy 'n gelowige geword het?*
- *In watter opsig sal jy van nou af meer soos Christus wil wees?*

- *Hoe het die "opdraandes van die lewe" jou gehelp om jou te vorm na die beeld van Jesus?*
- *Was daar momente van onverdiende guns en seën wat veroorsaak het dat jy geestelik groei?*

Gaan wees 'n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde 'n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas:

Studie 2: Wat is jy besig om te word?

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

Jy het sekerlik al ‘n videogreep gesien van hoe ‘n ruspe verander in die mooiste skoenlapper. Ja, dit is ‘n bekende voorbeeld van metamorfose. ‘n Verandering van binne wat ‘n totale effek na buite het. Nadat ons in die vorige studie gekyk het na die feit dat ons na die beeld van God verander moet word omdat dit is wat God vir ons in gedagte het, gaan ons hier kyk na wat ons regtig moet word en wees.

- *Gesels oor die begrip van metamorfose en hoe kan jy dit toepas op jou eie lewe.*
- *Lees Ef. 4:2-3. (...met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. AOV)*
- *Hierdie verse sê jy moet dit uitleef wat God van jou gemaak het...Kry jy dit reg?*
- *Gesels oor elkeen van hierdie eienskappe en hoe dit in die karakter van God en Jesus te sien is:*
  - *Beskeie wees (nederig)*
  - *Vriendelik (sagmoedig)*

- *Geduldig (lankmoedig)*
- *Verdra mekaar in liefde*

Dit is belangrik om te weet dat daar reeds iets in jou as gelowige gebeur het. Volgens Johannes 3 sê Jesus aan Nikodemus dat hy opnuut gebore moet word. Hy sê vir hom dat hy vanuit ‘n hoër orde gebore moet word. Nie vanuit ‘n mens nie, maar geestelik. Nadat jy geestelik nuut gebore is, vind daar ‘n proses plaas om jou te transformeer in die nuwe mens wat God in gedagte het.

❖ *Glo jy dat jy opnuut gebore is?*

❖ *Indien wel, leef jy soos iemand wat nuut gebore is?*

Dis interessant om te sien hoedat die skoenlapper sukkel om uit die kokon te kom. Dit is egter ‘n belangrike deel van die proses. Hy is nie dadelik perfek nie. Hy word al hoe sterker. Wat is jy besig om te word as gelowige? Waarin groei jy? Hoe gaan jou karaktereienskappe lyk? Volgens Ef. 4:2 moet dit die volgende insluit:

- Beskeie (nederig)
- Vriendelik (sagmoedig)
- Geduldig (lankmoedig)
- Ander in liefde te verdra

Ef. 4:25-29

- Waarheid praat
- Nie ‘n dag kwaad afsluit nie
- Nie die duiwel ‘n vatkans gee nie
- Op ‘n eerbare manier in jou lewensonderhoud voorsien
- Praat net wat goed en opbouend is

❖ *Hoe vaar jy in elk van bogenoemde eienskappe?*

❖ *Lees 1 Pet. 1:14-15 en Fil. 2:1-4 en vertel mekaar watter hulp hierdie verse bied op jou pad na jou nuwe karakterontwikkeling.*

- *In 1 Tess. 4 skryf Paulus dat gelowiges hulle nog meer daarop moet toelê om volkome aan God toegewy te leef. Wat weerhou jou daarvan om te word wat jy veronderstel is om te wees?*
- *Kan mense uit jou lewe sien dat jy besig is om nuwe karaktereienskappe te ontwikkel?*
- *Waaraan sal jy graag nog meer wil werk? Praat met God daaroor.*

Gaan wees 'n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde 'n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas:

Studie 3: Die krag om te verander

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

Om op geestelike terrein te verander verg harde werk. Dis egter belangrik om te onthou dat dit nie van jouself en jou eie krag afhang nie. Om te verander in die mens wat God vir jou in gedagte het, staan op twee bene naamlik God se kragtige inwerking en my eie toewyding en ywer as reaksie op Sy werking. Die wonder van God is dat dit wat Hy van jou vra of verwag, Hy jou boonop mee sal help. Hy laat jou nooit aan jou eie genade oor nie.

Lees Eseg. 36:26-27 en kyk dit wat God belowe het, het Hy deurgevoer, sodat jy kan verander.

- *Hoe het Hy dit deurgevoer?*
- *Hoe laat dit jou voel?*
- *Wat het dit Hom gekos om dit vir jou moontlik te maak?*

Ja, dit het Sy eie lewe gekos aan ‘n kruishout sodat ek en jy die lewe in oorvloed kan hê. Ef. 4:7-10 vertel vir ons van Sy oorwinning wat Hy behaal het. Oorwinnaar oor alles.

Daarom is jou verbondenheid aan Hom so belangrik vir jou eie oorwinning en ontwikkeling van jou nuwe karakter.

- Lees Kol. 2:9-11 en bespreek die rol van jou eie verbondenheid aan Hom en die feit dat Hy oorwinnaar is oor alles.
- *Hoe moet dit jou beïnvloed?*
- *Watter hoop lê hierin vir jou?*
- *Lees Rom. 8:13b en kyk na die krag van die Heilige Gees en Sy rol om jou te help ten einde 'n einde te maak aan jou sondige praktyke.*
- *Lees 1 Pet. 3:3-5. Sien raak hoe die krag van God jou veilig bewaar sodat jou lewe kan verander en 1 Pet. 3:7b kan waar wees vir jou.*
- *Lees 1 Joh. 3:1-3. Sien raak dat jy ook 'n rol te speel het. Jy kan nie net agteroorsit en wag vir God nie...jy moet ook heilig wees in jou lewenswandel.*
- *Jy speel ook 'n rol om verandering in ander se lewens te bring. Volgens Ef. 4:7, 11-12 gee Hy jou gawes om op die wyse deur jou te werk en ander te bereik. Gesels met mekaar oor die rol van gawes en hoe jy ander mense daardeur bereik.*
- *Kan jy as gelowige sê ek is nou een maal so gemaak en laat staan?*
- *Dink jy God is klaar met jou of is Hy nog besig?*

Gaan wees 'n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde 'n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas:

Studie 4: Kruipende skoenlappers (Ef. 4:17-24)

Ons ontmoet mekaar:

Hoor by mekaar hoe was elkeen se week en waar julle iets van God se werking gesien het.

Gebed:

Word stil en vra dat God julle geestesoë en ore sal oopmaak sodat die Heilige Gees aktief besig sal wees om elkeen van binne te vernuwe.

Ons hoor by God en by mekaar:

Ons het die afgelope 3 weke gesels oor die metamorfose wat 'n gelowige moet ondergaan ten einde nuut te lewe. Tog as jy in die natuur rondom jou kyk sal jy nooit ooit 'n skoenlapper sien wat kruip soos 'n ruspe (sy vorige lewe) nie. Hy gebruik sy "nuwe lewe" ten volle. Hy gryp glad nie terug na die vorige lewe nie.

- *My vraag is waarom dink jy sukkel ons as "getransformeerde gelowiges" dan so baie met hierdie aspek?*

Die Woord is vol aanmoediging dat jy nie weer soos 'n "ruspe" moet word nie, maar jou nuwe identiteit in Christus ten volle moet aangryp en daarin groei. Efesiërs 4:17, 21 help ons om nie weer terug te keer na ons ou weë nie. Dis nie net hier nie, maar ons vind ook op verskeie ander plekke in die Bybel raad.

- *Voordat ons na die gedeelte in Efesiërs kyk, lees ons saam die volgende gedeelte en bespreek dit in jou groep:*
  - *1 Joh 2:3-6, 15*

- ❖ *Lees saam Ef. 4:17-5:5*
  - *Gesels oor die impak van vers 17-19 op jou lewe.*
  - *Hoe sal dit jou lewe affekteer as jy weer die praktyke in jou lewe terugbring?*

Paulus sê in vers 21 dat die waarheid rakende Jesus en die feit dat Hy ons vrymaak, aan elkeen verkondig is en op grond van die waarheid het daar ‘n metamorfose in ons lewe plaasgevind. Paulus maan ons om die ou lewe af te skud, daarmee te breek, geen deel daarvan te koester of in stand te hou nie.

- ❖ *Hoe kry ek dit reg? (Kyk na vers 23 en Rom. 12:1-2)*
- ❖ *Kyk vanaf Ef. 4:25-5:5 na die riglyne vir ‘n nuwe jy. Identifiseer eienskappe of gedragspatrone wat teenwoordig moet wees.*
- ❖ *Lees weer Ef. 4:30. Gesels met mekaar oor jou verstaan van die gedeelte. Lees ook 1 Pet 1:3-5 om ‘n beter perspektief te kry.*
- ❖ *Wat sou jy in kort sê moet jy doen om altyd ‘n “vlieënde skoenlapper” te bly, eerder as om terug te keer na ‘n “kruipende wurm”?*
- ❖ *Lees die volgende gedeelte en kyk hoe dit jou help om jou nuwe identiteit voluit te leef*
  - *Tit. 2:11-13*
  - *Kol. 2:10*
  - *Kol. 3:2*

Gaan wees ‘n Ligdraer

Wat het jy uit hierdie studie geleer ten einde ‘n beter ligdraer van God te kan wees?

Ons bid vir mekaar en die wêreld

Hoor by mekaar waarvoor daar gebid kan word.

Notas: